*Woensdag* **7 Mei**

**Skrifgedeelte: Openbaring 5:1-14 (AFR83)**
**Fokusgedeelte: Openbaring 5:9**
**Nuutgemaak**

Wat hou die lewe vir ons in?

- Uit onsself is dit een groot vrees en onsekerheid.
- Ons sondelewe maak alles so donker.
- Wat hou die ongeopende boekrol vir ons in?

Dit het Johannes laat huil, want niemand kon dit oopmaak nie. Daarom is ons enigste troos in lewe en in sterwe om nie na onsself nie, maar op te kyk na Jesus Christus. Alleen Hy kan die boekrol oopmaak!

- Jesus, die Leeu uit die stam van Juda, vol met die krag om te oorwin.
- Jesus, die Lam wat geslag is en lewe.

Dit het die vier lewende wesens en die 24 ouderlinge voor die hemeltroon ’n nuwe lied laat sing: die Leeu en die Lam alleen is waardig om die boek oop te maak.

Watter troos is die lied tog nie! Dis nuut in ’n sondeverlore wêreld, want dit verkondig nuwe lewe. Dit gee moed, krag en sekerheid vir elke dag. Hierdie lied besing die genadige wil van God, dat Hy sy Seun gegee het om ons te kom koop op die slawemark van die sonde en om weer kinders van God te wees. Die prys was geweldig: die bloed van die Lam. Hierdie loskoop sluit mense van alle groeperings in, uit elke stam, taal, volk en nasie. Hierdie vrygekooptes word saamgebind om konings en priesters in God se diens te wees. Net Christus kan die seëls oopmaak en die gang van die geskiedenis bepaal. Dit is ons lewenstroos.

Oor dit wat Jesus Christus vir ons gedoen het, kan ons as nuwe mense deel in hierdie nuwe lied. Kan ons lewe elke dag dan anders wees as dankbaarheid aan God? Dankbaarheid ...

- wat diens is;
- wat oorgegewenheid is;
- wat gehoorsaamheid is;
- wat liefde is;
- wat ’n lewe is waarin die Here alles is.

*Sing: Skrifberyming 5-3:1*

*Ds. RG (Roelie) Aucamp (Emeritus)*